In gesprek oor Skrifgesag

Andries Cilliers

Panta rei – alles vloei – het die ou Griekse filosoof Heraklitus eeue gelede gesê. Geen mens kan heeltemal konsekwent met dié gedagte saamleef nie. Iewers soek ons 'n vaste punt, iets wat soos 'n paal bo water staan; iets wat "absoluut" is in die see van relatiwiteit; iets wat kan dien as helder baken in die skemer waarin alle dinge dreig om grys te lyk.

Die behoefte aan 'n vaste absolute baken in die Skrif

Dit het ons by die pas afgelope Algemene Sinode weer beleef – veral in die manier waarop die Skrif hanteer is in die debat oor homoseksualiteit en oor die bediening van bevryding.

Aan die een kant was daar diegene vir wie die Skrif die vaste baken is. Die Skrif sê dat homoseksuele dade sonde is – dus ís dit sonde. Die Skrif getuig van die bestaan van die duiwel as 'n persoonlike bose wese – dus bestáán die duiwel. Dit maak nie saak wat die mense se behoeftes of werklikheidsbeskouing deesdae is, of wat die wetenskap sê nie. Die Skrif het gepraat, en daarmee is die saak afgehandel. Om nog verder te redeneer, beteken eintlik dat jy nie regtig voor die gesag van die Skrif wil buig nie.

Dit word nie hardop in debatte gesê nie, maar jy kry tog die aanvoeling dat daar sommige is wat reken: Wie aan die Skrif torring, se geloof kan nie heeltemal suiwer wees nie.

Jy wonder: Sit daar in die erns, soms amper driftigheid waarmee mense hierdie standpunt verdedig, nie ook 'n bietjie angstigheid nie? As ons onseker raak oor die Skrif – of selfs net oor die interpretasie van die Skrif oor sekere belangrike sake – dan is ons terug by Heraklitus: alles vloei.

Die vloeibaarheid van ons interpretasie van die Skrif

By alle waardering vir die respek wat hierdie standpunt vir "die Skrif" bybring, moet 'n mens tog kritiese vrae ook stel.

Die eerste is: Al sou "die Skrif" 'n vaste baken wees, is ons interpretasie van "die Skrif" dit? Enigiemand wat selfs net 'n bietjie van die geskiedenis van die kerk se interpretasie van die Skrif weet, of van die manier waarop gelowiges in verskillende kontekste die Skrif verskillend vertolk, weet dat alles in ons interpretasie inderdaad vloeibaar is. Daar is doodeenvoudig nie 'n helder eenstemmigheid wat ons toelaat om enige spesifieke interpretasie van die Skrif as absoluut te beskou nie.

Die tweede vraag is: Maak mense nie dalk hulle interpretasie van die Skrif belangriker as die Skrif self nie? In 'n gesprek aan ontbyttafel hoor ek 'n dominee by die sinode sê: "As die Bybel só vertolk moet word, sal ek maar liewer my Bybel inhandig." Waar lê die gesag werklik vir iemand wat dít sê?

Derdens: Misken hierdie standpunt nie dat alle interpretasie van die Skrif eintlik maar 'n vertaling en ook 'n seleksie is wat uit die Skrif gemaak word nie? Sekere dinge word beklemtoon, ander word op die agtergrond geskuif; sekere dinge word redelik direk oorgeneem, ander word "verduidelik" sodat dit sin kan maak in ons konteks. Mense kan hard protesteer teen die hermeneutiese skuiwe wat gemaak word om die duiwel as letterlike persoonlike Bose weg te verklaar, of om die tekste oor homoseksualiteit anders te vertolk – maar die werklikheid is dat hulle self soortgelyke hermeneutiese skuiwe oor ander sake maak.

Die soeke na hedendaagse integriteit

Daar was ook mense wat sterk klem gelê het daarop dat die Skrif 'n menslike boek is en dat ons die menslikheid daarvan ernstig moet opneem.

Vir hulle beteken dit dat die werklikheidsbeskouings en die etiese oordele wat uit die Skrif

na vore kom, nie noodwendig bindend is vir die hedendaagse gelowige nie. Die kerk moet in sy etiese besluitneming ook uit ander bronne put. Dit wat die wetenskap vir ons oor homoseksualiteit sê, of die feit dat verskynsels wat vroeër as demoniese besetenheid beskou is tans as psigologiese versteurings gesien word, beteken dat ons ook ánders moet kyk na dit wat die Skrif oor hierdie dinge sê.

In die debat oor die bediening van bevryding is byvoorbeeld meermale verwys na die verskil tussen die werklikheidsbeskouing van die postmoderne mens en die premoderne werklikheidsbeskouing wat in die Bybel veronderstel word. Die indruk is geskep dat die postmoderne mens gewoon nie meer (met integriteit) in die bestaan van demone of 'n persoonlike duiwel kan glo nie. Op dieselfde manier is in die debat oor homoseksualiteit, dikwels na "die wetenskap" as 'n tweede bron van insig in ons etiese besluitneming verwys. In dié debat is die behoeftes van gay mense meermale gestel as 'n norm vir ons etiese besinning.

Die uiteenlopendheid van werklikheidsbeskouings

Ook hier kom vrae na vore.

- Is dit wat "die wetenskap" sê, werklik so eenduidig en helder, veral as dit kom by 'n ingewikkelde kwessie soos homoseksualiteit?
- Is gay mense se behoeftes so eenders dat ons dit op 'n eenvoudige manier as argument kan gebruik? (Sou dit byvoorbeeld moontlik wees dat daar gay mense is wat nie 'n behoefte daaraan het dat hulle gay-wees deur ander mense aanvaar moet word nie?)
- Is die postmoderne mens se werklikheidsbeskouing werklik so eenvorming dat gesê kan word waarin so 'n mens kan glo of nie kan glo nie?
- Kan "die wetenskap" hoegenaamd gebruik word om 'n argument oor die bestaan of niebestaan van die duiwel te beklink?
- Kan ons eenvoudig aanvaar dat die postmoderne mens se werklikheidsbeskouing – as dit op die een of ander manier saamgevat word tot 'n eenheid – noodwendig vir ons 'n beter insig gee in die aard van die Bose as wat die Bybelse werklikheidsbeskouings dit doen? Of is dit dalk net moontlik dat ons in sommige opsigte armer is in ons insig in die Bose as wat Paulus of Jesus was? Ons hedendaagse insigte staan immers ook nie buite die vloeibaarheid van alle dinge nie.

Die noodsaak van egte luister in gesprek met mekaar

Die gevaar van die eerste standpunt is vir my dat ons so seker is dat ons reeds die antwoord in die Skrif het, dat dit ons onthef van die verantwoordelikheid om te luister na insigte wat uit ons hedendaagse konteks na vore kom. Ons is inderdaad só seker van ons insig dat ons ook nie eers meer regtig na die Skrif hóéf te luister nie. Ons gebruik bloot die Skrif om ons bestaande insigte te verdedig.

Die gevaar van die tweede standpunt weer is dat ons só oop is vir die hedendaagse konteks dat ons dit wat in die Skrif vir ons vreemd voorkom, by voorbaat uit die gesprek uitskakel. Ons kan dan nog net vir die hedendaagse mense dit sê wat hulle in elk geval reeds weet. Ons luister nie meer eg na die Skrif nie, en ons neem nie meer werklik deel aan die hedendaagse gesprek nie. Ons word 'n eggo van die "postmoderne mens".

Die vraag is of daar 'n ander pad is. Die antwoord, lyk dit my, lê juis in die gesprek. Dit lê in die vaardigheid om so goed te luister as wat jy kan: Om na die Skrif in sy vreemdheid te luister – nie net om te hoor wat jy reeds dink nie, maar juis om uitgedaag te word om ánders te dink.

Ons uitdagings is om te luister na die stemme uit ons konteks – nie net om so goed as moontlik 'n eggo daarvan te wees nie, maar om eg met die wêreld waarin ons leef in gesprek te bly.

In die vloei van alle dinge, kom ons nie los van ons afhanklikheid van die Gees waardeur die Woord tot ons spreek as die lewende stem van God nie. Ons hoor die Woord nooit anders as met ons eie ore nie, gevorm deur ons eie konteks. Juis dáárom is dit so noodsaaklik dat ons sáám na die Woord sal luister, verlos van die waan dat die absolute eenvoudig vir my as enkeling soos 'n paal bo water kan staan. Ons hoor té voorlopig en onvolkome! Sáám hoor ons egter voldoende - sodat ons kan leef, glo en dien.

● ***Andries Cilliers*** *is een van die predikante van die NG Gemeente Potchefstroom-Grimbeekpark in die Sinode van Wes-Transvaal en 'n bekende skrywer. Sy nuutste boek is* God se wil en ek *by Lux Verbi.BM.*